

Hoofstuk van die dag: Nehemia 13

> *Ek het met die mense geraas, hulle vervloek, party van hulle geslaan, hulle hare uitgetrek en hulle voor God ’n eed laat aflê … (vers 25)*

Nehemia se optrede hier kan ’n mens nogal verbaas. Soos die

uitlegger in Die Bybellennium ewe droog opmerk: “Sy optrede teen hierdie oortreders pas nie by iemand van sy statuur nie.” In skrille kontras hiermee lees ons hoe Esra op presies dieselfde sonde van die volk gereageer het (Esra 9:3 e.v.) – hy het in rou sy klere geskeur, sy hare en baard uitgetrek en verslae gaan sit, en teen die aand tot God gebed om vergifnis, waarin hy hom volledig deel van die volk en hulle sonde stel. Jy kan gerus Esra se aangrypende gebed in Esra 9:6-15 lees.
As jy jou selfbeheersing verloor, selfs al is jou ontsteltenis hóé geregverdig, verloor jy. Dis nie hoe ’n gelowige optree nie.
Ons kan vrae vra oor hoe Nehemia hier opgetree het, maar oor sy ywer vir God se saak is daar geen vraagteken nie. Dit het immers nie vir hom gegaan oor wat hý wil en nie wil nie; dit het gegaan oor God se eer wat neerslag moet vind in die gemeente se doen en late. Was daar maar meer mense met sy passie!

Naskrif: Môre doen ons die brief van Judas.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026